PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 Cumulonimbus (Cb) (1)

1.1.2 Oog/Oog van die storm (1)

1.1.3 Laag (1)

1.1.4 Van oos na wes/Weswaarts/Westelike rigting (1)

1.1.5 Swaar reënval/Donderstorms/Hael (1)

1.1.6 Dalende/Sinkende lugbeweging/Afwaartse lugbeweging (1)

1.1.7 Divergeer (1)

1.1.8 Ontbinding/Ontbinding/Sterf uit/Verval (1) (8 x 1)
(8)

1.2 1.2.1 Dendrities (1)

1.2.2 Akute hoeke/kleinhoeke/minder as 90°noem enige grade minder as 90°/skerp hoekig (1)

1.2.3 Uniform (1)

1.2.4 Erosie (1)

1.2.5 Stroomorde 2 (1)

1.2.6 Interfluviale rif/gebied (1)

1.2.7 C (1)

(7 x 1) (7)

1.3 1.3.1 Lugtemperatuur NEEM AF met 'n TOENAME in hoogte (1)
WARM lug word bokant KOUE lug in die vallei aangetref (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)

1.3.2 Katabatiese wind/hellingdalende wind/Swaartekrag winde (1) (1 x 1) (1)

1.3.3 Na sonsondergang koel die valleihellings reg deur die nag af as gevolg van aardstraling (2)
Lug in kontak met die valleihellings koel af (2)
Koue lug daal onder die invloed van swaartekrag/gravitasiekrag (2)
Koue, swaar, digte lug daal (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

1.3.4 Koue lug daal na die valleibodem (2)
Warm lug wat styg koel af tot by doupunttemperatuur (2)
Lug in die bodem van die vallei kondenseer (2)
[ENIGE TWEE]

(2 x 2) (4)

1.3.5 **Impak op Boerdery**

Katabatiese wind snags veroorsaak dat koue lug teen die helling af beweeg en lei tot die ontwikkeling van 'n rypholte in die vallei (2)
Gewasse wat teen ryp bestand is, word op die valleibodem geproduseer (2)
Die koue toestande en RYP laat peste vrek (2)
Koue toestande is ideaal vir die groeiproses van hierdie gewasse (2)
Gewasse wat nie teen ryp bestand is nie, kan nie op die valleivloer geplant word nie/of dit vrek (2)
Suurreën beskadig gewasse (2)

**Impak op Nedersettings**

Valleibodem is koud en vogtig en dus nie geskik vir nedersetting ontwikkeling nie (2)
Rookmis (besoedeling) word vasgekeer deur dalende kouer lug (2)
Dit lei tot asemhalings probleme (soos asma) (2)
Sigbaarheid neem af (2)
Ongeluksyfer neem toe (2)
Suurreën beskade geboue (2)
[ENIGE VIER. MOET NA BEIDE ASPEKTE VERWYS. MAG POSITIEWE ASPEKTE OOK INSLUIT. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE]
(4 x 2) (8)

1.4 1.4.1 Kalahari Hoogdruksel/Kontinentale Hoogdruksel (1) (1 x 1) (1)

1.4.2 Winter (1) (1 x 1) (1)

1.4.3 Die (Kalahari/Kontinetale) hoog domineer/oorheers die binneland tydens winter (2)
'n Laagdruksel (kuslaag/middelbreedte sikloon) langs die suid- of ooskus (2)
Wind wat hellingdalend beweeg as gevolg van die drukgradiënt langs die platorand (2)
[ENIGE TWEE]
(2 x 2) (4)

1.4.4 Lug wat teen die platorand daal verhit teen die DAVT (2)
1°C temperatuurtoename per 100 m daling (2)
[ENIGE EEN]
(1 x 2) (2)

1.4.5 Wolkeloos by **C** is die gevolg van die vog wat verdamp wanneer lug (deur kompressie/samepersing) adiabaties verhit (2)
16°C/groot verskil tussen lugtemperatuur en doupunttemperatuur dui aan dat lug droog is (2)
Relatiewe humiditeit is laag (2)
Stabiele toestande heers omdat lug daal (2)
[ENIGE EEN]
(1 x 2) (2)

1.4.6 Gedurende winter is die plantegroei droog (2)
Bergwinde is warm, droë winde (2)
Veldbrande kan maklik ontstaan (2)
Sterk winde jag die vure aan (2)
[Enige TWEE]
(2 x 2) (4)

PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.5 1.5.1 Toon die sy-aansig van 'n rivier vanaf sy bron tot sy riviermond aan (1)
Dit is die veranderende gradiënt van 'n rivier vanaf sy bron tot sy riviermond (1)
Dit is die voorstelling van die gradiënt waarteen 'n rivier vloei (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)

1.5.2 Waterval (1) Stroomversnelling (1) Weerstandbiedende rots (1) (1 x 1) (1)

1.5.3




Die skets moet 'n **gegradeerde profiel** voorstel met die korrekte benoeming
Ken DRIE punte vir vorm toe (1 x 3) (3)

1.5.4 Rivierbodem wat amper egalig is (2)
Konkawe profiel (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

1.5.5 <u>**Prosesse wat die stroomprofiel moet ondergaan om gegradeerd te wees**</u>
Afwaartse erosie moet in die bo- en middellope toeneem (2)
Die boloop moet 'n steil helling ontwikkel (2)
In die boloop moet stroomafloop toeneem en wrywing oorkom (2)
Terugwaartse erosie moet toeneem om alle tydelike basisvlakke te verwyder (2)
Terugkerwing van watervalle om alle tydelike basisvlakke te verwyder
Gelyk kerwing van stroomversnellings verwyder alle tydelike basisvlakke
Vol maak van mere verwyder alle tydelike erosie basisse
Stroomdrakrag moet toeneem om alle addisionele stroomvrag (erosiedeeltjies) weg te voer (2)
Gradiënt van die benedeloop moet afneem sodat die drakrag kan verminder (2)
In die benedeloop moet die stroomdrakrag verminder (2)
Afsetting vind in die benedeloop plaas en die gradiënt neem af (2)
Die rivier neem nou 'n steil gradiënt in die boloop en 'n geleidelike gradiënt in die benedeloop aan (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.6 1.6.1 Vloedvlakte (1)
Verhoogde oewerwal
Natuurlike oewerwal/dyke
(1 x 1) (1)

1.6.2 Die gradiënt is meer geleidelik/afname in vloeisnelheid van rivier (2)
Vlak rivierkanaal maak dit makliker vir die rivier om te oorstroom (2)
Die watervolume neem toe in die benedeloop van die rivier (2)
[ENIGE TWEE]
(2 x 2) (4)

1.6.3 Rivieroewer/-dyk/levée (2)
Verhoogde oewerwal (2)
Ntuurlike oewerwal/dyke (2)
[Enige EEN]
(1 x 2) (2)

1.6.4 Wanneer 'n rivier oorstroom word die swaar materiaal op die rivieroewer afgeset (2)
Swaar materiaal word op die oewers neergelaat
Herhaaldelike oorstromings lei daartoe dat die verskynsel verhoog (2)
[Enige TWEE]
(2 x 2) (4)

1.6.5 Skade aan gewasse as gevolg van oorstromings (2)
Verlies aan vrugbare grond as gevolg van gronderosie (2)
Oorversadigde grond (2)
Moerastoestande begin ontwikkel (2)
Nie meer geskik vir die verbouing van gewasse nie (2)
Verlies aan inkomste (2)
Vir Kleinskaal en/of bestaansboere boere beteken dit geen voedsel (2)
[ENIGE TWEE]
(2 x 2) (4)

**[75]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Kloksgewys (1)

2.1.2 Konvergeer (1)

2.1.3 Laer (1)

2.1.4 Mis (1)

2.1.5 Laer (1)

2.1.6 A (1)

2.1.7 Q (1) (7 x 1) (7)

2.2. 2.2.1 Laminêr (1)

2.2.2 Turbulent (1)

2.2.3 Turbulent (1)

2.2.4 Turbulent (1)

2.2.5 Laminêr (1)

2.2.6 Laminêr (1)

2.2.7 Turbulent (1)

2.2.8 Laminêr (1) (8 x 1) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.3 2.3.1 Sikloonfamilie/familie/depressie familie (1) (1 x 1) (1)

2.3.2 (a)




[ENIGE VIER] (4 x 1) (4)

(b) Afname in temperatuur (2)
Verandering in windrigting (krimping) (2)
Swaar reënval met donderweer en weerlig (2)
Toename in lugdruk (2)
Toename in wolkbedekking (cumulonimbuswolke) (2)
Toename in windsnelheid (2)
Afname in humiditeit (2)
Moontlike sneeu (2)
[ENIGE EEN] x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.3.3 **<u>Weerstoestande en redes</u>**
<u>Lugtemperatuur</u>: 27°C (2)
Dalende koue lug vanuit die hoogdruk verhit adiabaties om 'n hoë temperatuur op die oppervlakte te veroorsaak (2)
<u>Doupunttemperatuur</u>: -12°C (2)
Droë gebied/winter dus minder verdamping (2)
Dalende lug verlaag humiditeit (2)
<u>Windrigting</u>: NW/WNW (2)
Lug divergeer anti-kloksgewys rondom die hoogdruk (2)
<u>Windsnelheid</u>: 5 knope (2)
Geleidelike drukgradiënt (isobare ver van mekaar) (2)
<u>Wolkbedekking</u>: ($^1/_8$) (2)
Min wolke omdat die gebied droog is met lae vogvlakke (2)
Dalende lug verhit en kondenseer nie (2)
Lae relatiewe humiditeit (2)
<u>Neerslag:</u> Geen neerslag (2)
Dalende lug kondenseer nie (2)
Lae of beperkte wolkdekking (2)
Groot verskil tussen lug- en doupunttemperatuur (2)
[ENIGE TWEE WEERSTOESTANDE MET REDES] (4 x 2) (8)

2.4 2.4.1 Isoterme (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Warmer (hoër) in die SSK (2)
Koeler (laer)in die landelike gebiede (2)
Tussen 8 en 12°C (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

2.4.3 Groter oppervlak wat verhit kan word (2)
Hitte word tussen geboue vasgevang as gevolg van hoë geboudigtheid (2)
Hoë geboue verhoed dat wind hitte uit die stad verwyder (2)
Vroeg soggens/laatmiddag tref sonstrale geboue teen 'n 90° hoek en hitte word op geboue gekonsentreer (2)
Materiaal wat gebruik word om geboue te bou absorbeer meer hitte (2)
Meer hitte word binne in die geboue vasgekeer (2)
Lugversorging en beligting genereer meer hitte (2)
[ËLEM MOET OP DIE HOË GEBOUE VAL]
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

2.4.4 Daar is 'n groepering van hoë gebou weg van die oorspronklike SSK wat tot 'n onreëlmatige vorm lei (2)
Meer plantegroei in die omliggende landelike omgewing verlaag die temperatuur soos wat mens vanaf die oorspronklike SSK wegbeweeg (2)
Isoterme volg die profiel van die stad (2)
[ENIGE TWEE (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.4.5 (a) Stede het minder watermassas (damme/mere/riviere ens.) (2)
Minder plantegroei in stedelike gebiede verminder evapotranspirasie (2)
Water word uit stede gelei deur stormwaterafvoerpype (2)
Kunsmatige oppervlaktes dreineer water uit stede uit (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

(b) Meer hitte in stede dus meer konvergensie wat neerslagontwikkeling bevorder (2)
Meer besoedeling in stede verskaf meer higroskopiese kerne in stede (2)
Hoër lugdruk in omliggende landelike gebiede lei tot groter konvergensie in die SSK met 'n laer lugdruk (2)
Grootskaalse opheffing van warm lug lei tot konvergensiedonderstorms (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

(c) Windsnelheid en -rigting word beïnvloed deur die oriëntering van hoë geboue (2)
Geboue kan heersende winde in spesifieke rigtings kanaliseer (2)
**As daar aangedui word dat winde in die landelike gebiede sterker is Moet redes verskaf word**.
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

2.5 2.5.1 Waterhulpbronbestuur: die volhoubare en verantwoordelike watergebruik
[KONSEP] (1 x 1) (1)

2.5.2 Mangaung munisipale gebied (1)
Bloemfontein (1)
Botshabelo (1)
Thaba Nchu (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

2.5.3 Bou van damme (1)
Wateroordrag (1)
Waterbeheermaatreëls (1)
Waterbesoedeling (1)
Watersuiwering (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

2.5.4 Kleigrond (2)
Nedersettingontwikkeling (2)
Yl plantegroei (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.5.5 **Menslike ingryping op 'n rivier**
Verminder hoeveelheid suiwer water vir huishoudelike gebruik in landelike gebiede (2)
Die moontlikheid van waterbesoedeling neem toe/waterkwaliteit neem af (2)
Toename in die hoeveelheid wateroordraagbare siektes, bv. cholera (2)
Verminder hoeveelheid water beskikbaar vir boerdery in benedelope/ voedselonsekerheid (2)
Versteuring van waterlewe(2)
Toename in waterpryse as gevolg van groter behoefte (2)
Meer gekontroleerde oorstromings (2)
Negatiewe impak op hulle inkomste (2)
Kos meer om suiwer water in informele nedersettings te koop (2)
Natuurlike afloop van rivier verlaag (2)
Kos meer om stroomaf te besproei (2)
Minder water vir ontspanningsdoeleindes(2)
Minder water vir nywerheidsdoeleindes(2)
Groter afhanklikheid van grondwater
[ENIGE VIER. AANVAAR ENIGE REDELIKE ANTWOOORDE] 4 x 2) (8)

2.6 2.6.1 Rivierverjonging verwys na die vernuwing van die rivier se erosievermoë/Proses waardeur die rivier sy erosiebasis verlaag, energie herwin en weer begin om afwaarts te erodeer (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)

2.6.2 Ingekerfde rivierkronkels/meanders (1) (1 x 1) (1)

2.6.3 Verandering in permanente basisvlak/seevlakke daal (2)
Isostatiese opheffing (2)
Interne kragte (verskuiwings/plooiing/verbuiging/aardbewings) of die begin van 'n ystydperk (2)
Hoë reënval as gevolg van klimaatsverandering sal die erosiepotensiaal van 'n rivier verhoog (2)
Toename in watervolume as gevolg van stroomroof (2)
Vinnigevloeiende sytak wat by die hoofstroom aansluit (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

2.6.4 'n Stroom meer e nergie verkry (2)
Begin dan vertikaal (afwaarts) erodeer (2)
'n Kronkelende rivier begin diep in die rotse wat die vallei onderlê insny (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

2.6.5 Die landskap word met steil valleiwande/diep kloof/ravyn geassosieer (2)
Ingekerfde rivierkronkels is breed naby aan die oppervlakte (2)
Hoë kostes om pad- en spoorlynbrûe te bou (2)
Gevaarlik vir mense wat op konstruksieterreine werk (2)
Duur om ingenieursplanne op te stel (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (2 x 2) (4)

**[75]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 A (1)

3.1.2 B (1)

3.1.3 A (1)

3.1.4 B (1)

3.1.5 A (1)

3.1.6 B (1)

3.1.7 B (1)

3.1.8 B (1) (8 x 1) (8)

3.2 3.2.1 A (1)

3.2.2 C (1)

3.2.3 B (1)

3.2.4 A (1)

3.2.5 B (1)

3.2.6 D (1)

3.2.7 B (1) (7 x 1) (7)

3.3 3.3.1 Informele nedersetting(1)
Plakkerskamp.(1)
Plakkershutte(1) (1 x 1) (1)

3.3.2 Stukkies hout/planke (1)
Sinkplate/Sink(1)
Karton/papier(1)
Plastiek (1)
Modder (1)
ENIGE TWEE. AANVAAR ENIGE ANDER REDELIKE ANTWOORDE]
(2 x 1) (2)

3.3.3 Die boustowwe is maklik bekombaar (2)
Maklik om hierdie materiaal bymekaar te sit (2)
Meeste informele nedersetting se inwoners kan nie geskikte boustowwe bekostig nie (2)
Tekort aan vervoer om materiaal te vervoer (2)
Makliker om af te breek en na 'n ander gebied te beweeg (2)
[ENIGE TWEE . ANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (2 x 2) (4)

3.3.4 **Verbetering van lewensomstandighede in informele nedersettings**
Verskaf basiese dienste soos/water/riolering/elektrisiteit/afvalverwydering/beligting(2)
Bou lae koste behuising vir die inwoners (2)
Gee aan inwoners wettelike eienaarskap van die grond waarop hulle woon (2)
Verhoog toegang tot dienste (2)
Verbetering van vervoer/paaie (2)
Verskaf werksgeleenthede aan die mense (2)
Skep oop ruimtes/parke (2)
Moedig tuinbou aan (2)
[ENIGE VIER. MAG OOK EEN IN DETAIL BESPREEK. AANVAAR ANDER]
(4 x 2) (8)

3.4 3.4.1 Die armste lede van ons gemeenskap (1) (1 x 1) (1)

3.4.2 Woongebiede is aan buitewyke van stad (2)
Bly verder van werksplek af (2)
Neem langer om by die werk te kom (2)
Hoër vervoerkostes (2)
Lei tot verkeersopeenhopings (2)
Gebrek aan behoorlike vervoerstelsels (2)
[ENIGE TWEE- AANVAAR ENIGE AANVAARBARE VERANTWOORDBARE ANTWOORDE]
(2 x 2) (4)

3.4.3 Toenemende druk op huishoudelike begroting (2)
Meer van die begroting word vir reiskostes gebruik (2)
Minder geld vir basiese benodigdhede/voorbeelde (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

3.4.4 Bou meer huise naby aan die mense se werksplek om reistyd, -koste en koolstofspoor te verminder (2)
Ontwikkel beter kwaliteit vervoer sodat mense meer effektief en makliker hulle werksplek kan bereik, bv. BRT (Bus Rapid Transport) en die Gautrain (2)
Skep meer werk in of naby digbevolkte stedelike townships (2)
Skep meer fietsrybane (2)
Beplande onreëlmatige straatpatrone om makliker verkeersvloei te fasiliteer (2)
Skep fleksietyd (2)
Sirkelroetes (2)
Eenrigtingstrate (2)
Gesinchroniseerde verkeersligte (2)
Busbane (2)
Parkeer-en-ry (2)
Saamryklubs (2)
Brûe en padoorritte (2)
[ENIGE DRIE. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (3 x 2) (6)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

3.5 3.5.1 Uitvoer (1) (1 x 1) (1)

3.5.2 Primêre (1) (1 x 1) (1)

3.5.3 12,3% (1) (1 x 1) (1)

3.5.4 Goedkoper voedsel (2)
Groter voedselverskeidenheid (2)
Ontwikkeling van landelike gebiede (2)
Verskaf grondstowwe vir die vervaardigingsnywerheid (2)
Ontwikkeling van verwerkingsnywerhede (2)
Werkgeleenthede(2)
Voedselsekerheid (2)
Bevorder kleinskaal boerdery (2)
Verhoog die BBP/handelsbalans (2)
Verskaf voedsame/vars voedsel (2)
Bemagtig vroue in landelike gebiede (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (2 x 2) (4)

3.5.5 Nuwe vervoernetwerke geskep (2)
Vervoernetwerke is verbeter (2)
Ontwikkeling van gespesialiseerde vervoerfasiliteite (2)
Besproeiingskemas is ontwikkel (2)
Elektrisiteitsnetwerke is ontwikkel (2)
Gespesialiseerde hawefasiliteite (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

3.5.6 Onbetroubare reënval verhoog die risiko van gronderosie (2)
Produksie neem af (2)
Lei tot verhoogde voedselpryse (2)
Voedseltekorte (2)
Verhoogde invoer van voedsel (2)
Boere word onbetroubare voorsiener vir die mark (2)
Verhoog die koste van voedsel produksie (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ENIGE ANDER AANVAARBARE ANTWOORDE]
(2 x 2) (4)

3.6 3.6.1 'n Ruimtelike-ontwikkelingsinisiatief is 'n program wat deur die kabinet ontwerp is om die funksionaliteit van die regering in sekere gebiede van die land te verbeter, veral in daardie gebiede wat 'n groeipotensiaal toon (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)

3.6.2 ROI'e is belangrik, want dit verhoog die produktiwiteit en rykdom van grensgebiede in Suid-Afrika (2)
ROI'e verhoog die lewenstandaard van die plaaslike gebied (2)
ROI'e help om die plaaslike infrastruktuur op te gradeer (2)
Toenemende openbare en privaatsektorbeleggings (2)
Meer werksgeleenthede (2)
Verminder landelik-stedelike migrasie (2)
Buitelandse belegging gemik op toerisme (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER] (2 x 2) (4)

3.6.3 Om interne handel vir uitvoere te ontwikkel (2)
Vervoernetwerke verhoog toeganklikheid en handel tussen ROI'e (2)
Skakeling (2)
Vervoer van grondstowwe per pad en spoor (2)
Vervoer van verwerkte goedere per pad en spoor (2)
Toeganklikheid tot markte - virtueel en werklik (2)
Geldoordrag (2)
ROI'e was ontwikkel in onderontwikkelde areas (2)
Meer mense dus 'n groeter behoefte aan infrastruktuur (2)
Verbeterde tegnologie (2)
Lok meer toeriste (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

3.6.4 **Toerisme**
Groei moontlik gemaak deur 'n effektiewe infrastruktuur (2)
Effektiewe vervoernetwerke maak toeristeplekke toeganklik (2)
Effektiewe kommunikasienetwerke maak toeristeplekke meer toeganklik op die internet (2)
Toegang tot afgeleë plekke maak dit moontlik vir toeriste om verder in die ROI te reis (2)
Maak dit veiliger om te reis (2)
**Opheffing van die gemeenskap**
Vervoernetwerke verhoog handelstoeganklikheid binne die ROI (2)
Kommunikasienetwerke verseker groei binne die ROI deur tegnologie (2)
Skep ekonomiese welvaart waar plaaslike gemeenskappe hulle produkte kan verkoop (2)
Skep werksgeleenthede vir plaaslike gemeenskappe (2)
Maak die ontwikkeling van Klein en Medium Mikrobesighede moontlik (2)
Gradeer die plaaslike infrastruktuur op (2)
Verskillende etniese groepe wat binne die ROI saamwerk om toerisme te ondersteun lei tot groter samehorigheid onder mekaar (2)
Groter inkomste vir plaaslike gemeenskappe (2)
Inkomstes word gebruik om gemeenskapsprojekte te ontwikkel (2)
Ontwikkel etniese/kultuurtrots (2)
[ENIGE VIER. MOET NA BEIDE ASPEKTE VERWYS.LEERDERS MAG 'N BESPREKING OOR EEN SPESIFIEKE ROI'e AANRAAK- AANVAAR ANDER]
(4 x 2) (8)

**[75]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 Droëpuntnedersetting/Droë standplaas nedersetting (1)
4.1.2 Geïsoleerd/Verspreid (1)
4.1.3 Gebou saam gegroepeer en naby aan mekaar (1)
4.1.4 Dit is langs 'n waterbron geleë (die dam) (1)
4.1.5 Poortdorp/deurgang (1)
Boeredorpie (1)
Kern/kompak (1)
Enige voorbeelde van 'n Poortdorp (1)
4.1.6 Die padnetwerk (T-aansluiting) (1)
4.1.7 Lineêr (1) (7 x 1) (7)

4.2 4.2.1 Kleinskaal-/gemeenskaps-/bestaansboerdery (1) (1 x 1) (1)
4.2.2 Grootskaalboerdery/kommersieel (1) (1 x 1) (1)
4.2.3 (a) B (Grootskaalboerdery/kommersieel) (1)
(b) B (Grootskaalboerdery/kommersieel) (1)
(c) A (Kleinskaalboerdery/gemeenskaps-/bestaansboerdery) (1)
(d) B (Grootskaalboerdery/kommersieel) (1)
(e) A (Kleinskaalboerdery/gemeenskaps-/bestaansboerdery) (1)
(f) B (Grootskaalboerdery/kommersieel) (1) (6 x 1) (6)

4.3 4.3.1 Om van die agteruitgang en vuiligheid ontslae te raak (1)
Herstel van geboue (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

4.3.2 Landelike-stedelike migrasie (2)
Toegang tot werk (2)
Die middestad is oorbevolk; 'n instroming van te veel immigrante (2)
Onderverhuring van kamers in woonstelle (2)
Lae verhurings omdat geboue in vervalle toestand is (2)
Hoë vlakke van multi-okkupasie in geboue (2)
Toeganklik tot werksgeleenthede (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER] (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.3.3 Johannesburg lei onder water- en kragtekorte omdat die bevolking al meer toeneem (2)
Ou infrastruktuur kan nie die groeiende bevolking huisves nie (2)
Die koste van basiese dienste in die stad neem toe – mense betaal nie en dit lei tot 'n verdere agteruitgang van dienste (2)
Onwettige elektrisiteitskoppelings belemmer dienste (2)
Behoefte is groter as voorsiening (2)
Gebrek aan werksgeleenthede beteken daar word nie vir dienste betaal nie (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER] (2 x 2) (4)

4.3.4 Oop ruimtes/parke in die middestad wat as groengordels dien (2)
Gebiede in die stad wat nie vir kommersiële ontwikkel geoormerk is nie (2)
[KONSEP]
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

4.3.5 Verminder koolstofdioksied (2)
Verminder besoedelingskoepel (2)
Verskaf meer suurstof aan stedelike gebiede (2)
Verfraai die stad/estetiese doeleindes (2)
Skoon omgewing lok toeriste (2)
Skep ontspanningsgebiede (2)
Absorbeer geraas (2)
Verminder stedelike hitte-eilandeffek /temperature (2)
Skep habitat vir ander lewende organismes (2)
Verminder ongebreidelde stedelike uitbreiding (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

4.4 4.4.1 Die beweging van mense van landelike na stedelike gebiede (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)

4.4.2 Natuurrampe (oorstromings en droogtes) (2)
Oorbeweiding, swak boerderymetodes en gronderosie (2)
Gebrek aan werksgeleenthede (2)
Gebrek aan dienste soos bv. elektrisiteit, behuising, vervoer, gesondheid, opvoeding (2)
Meganisering van plase (2)
Laer lewenstandaard (2)
Hoë produksiekoste (2)
Lae ekonomiese uitsette (2)
Misdaad in landelike gebiede (2)
Tekort aan ontspanning (2)
[ENIGE TWEE. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.4.3 Implementering van die HOP/RDP (Program wat noodsaaklike dienste aan landelike gebiede verskaf) (2)
Nywerheidsdesentralisasie om mense wat in landelike gebiede woon van werk te voorsien (2)
Toerisme en ontspanningsgebiede om mense aan te moedig om landelike gebiede te besoek en daar te bly (2)
Basiese behoeftefilosofie voorsien mense met basiese behoeftes soos water, behuising, opvoeding, gesondheid, ens. (2)
Implementering van GEAR (Groei, Werkskepping en Herverdeling) in landelike gebiede (2)
Voorsien opleidingskursusse om boerderyvaardighede te verbeter (2)
Lok afgetredenes om daar te kom woon (2)
Lok pendelaars om daar te kom woon (2)
Feeste in landelike dorpies (2)
Lok mense wat nie in 'n stadsgebonde kantoor wil werk nie (2)
Implimentering van die NOP (Nasionale Ontwikkelings Program)
[ENIGE EEN. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (1 x 2) (2)

4.4.4 **Behuising**
Mense is onder die indruk dat beter kwaliteit huise in die stad voorkom (2)
Plaaslike regering kan nie genoeg goeie behuising voorsien nie (2)
Baie informele nedersettings bestaan (2)
Huise in informele nedersettings is van lae kwaliteit (2)
Oorbesetting in beskikbare behuising (2)
**Werksgeleenthede**
Mense is onder die indruk dat daar meer werksgeleenthede in stede is (2)
Immigrante nie gekwalifiseer vir bestaande werksgeleenthede nie (2)
Gedwing om in die informele sektor te werk (2)
Dikwels is net lae inkomste werksgeleenthede beskikbaar (2)
Wedywering vir werk as gevolg van invloei na stede (2)
Gedwing tot prostitusie/misdaad/bendelewe (2)
[ENIGE VIER. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE. MOET NA BEIDE ASPEKTE VERWYS. AANVAAR AS STELLING WAAR BEWYS WORD]
(4 x 2) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.5 4.5.1 Informele sektor is waar iemand 'n lewensbestaan maak deur 'n ongeregistreerde besigheid, of waar handel sonder 'n lisensie gedryf word (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)

4.5.2 7,7% (1) (1 x 1) (1)

4.5.3 Straatverkope – verkoop groente (1)
Vlooimark – verkoop van allerlei goedere (2)
[ENIGE EEN. AANVAAR ANDER MOONTLIKE RELEVANTE ANTWOORDE. OPSIES MOET RELEVANT TOT HANDEL WEES] (1 x 1) (1)

4.5.4 Swak sosio-ekonomiese omstandighede wat baie Suid-Afrikaners in die gesig staar (2)
Hoë werkloosheidsyfer (2)
Meganisering van boerdery en klimaatsrampe het veroorsaak dat baie ongeskoolde landelike arbeiders plase verlaat en tot die informele sektor toetree (2)
Baie groot besighede het die groei van die informele sektor ondersteun deur aan die informele sektor te sub-kontrakteer (2)
Immigrante kan nie wettige werk vind nie en tree tot die informele sektor toe om te oorleef (2)
Verslapping in regulasies (2)
Hoë werkloosheid/afdankings (2)
Tekort aan vaardighede/Hoë skool verlaters (2)
[ENIGE EEN – AANVAAR ENIGE ANDER ANTWOORDE] 1 x 2) (2)

4.5.5 Hulle wil nie belasting betaal nie (2)
Hulle wil nie as onwettige immigrante gesien word nie (2)
Pas nie regulasies toe nie (2)
Duur om vir permitte aansoek te doen (2) (1 x 2) (2)

4.5.6 **<u>Handelspermitte is nodig om</u>**
Besighede te reguleer (2)
Besigheidspesifieke gebiede vir handel toe te ken (2)
Vennootskappe tussen privaatsektor en informele sektor aan te moedig (2)
Infrastruktuur (stalletjies) te verskaf in gebiede informele handel gesoneer (2)
Kleinbesighede te ondersteun deur 'n aktiewe rol in opleiding te speel (2)
Toegang tot banklenings moontlik te maak (2)
Bergingsfasiliteite te verskaf (2)
'n Bydra tot die ekonomie te lewer deur belasting te betaal (2)
Ablusiefasiliteite te voorsien (2)
Skoon/higiëniese fasiliteite te voorsien (2)
Dra tot die BBP by (2)
Statistiese analise vir beplanning (2)
Om teistering deur stads oewerhede te voorkom (2)
[ENIGE VIER. AANVAAR ANDER LOGIESE ANTWOORDE] 4 x 2) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.6 4.6.1 Werkers wou 'n verhoogde loon/salaris hêverskille /werkstoestande/verskille tussen twee unies/ dooie punt tussen werker en werkgewer (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)

4.6.2 Rotsstortings (1)
Blootstelling aan stof (1)
Hoë geraasvlakke (1)
Gevaarlike dampe (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

4.6.3 Minder grondstowwe om uit te voer (2)
Verlies aan inkomste (2)
Verminderde produkie (2)
Stakende werkers kan hulle werk verloor wat tot werkloosheid sal lei (2)
Suid-Afrika sal minder buitelandse beleggings lok en die BBP sal verlaag (2)
Die geldeenheid sal verswak en ekonomiese onstabiliteit tot gevolg hê (2)
Infrastruktuur sal nie ontwikkel en Suid-Afrikaanse ekonomiese groei belemmer (2)
Negatiewe handelsbalans (2)
Belasting inkomnste verminder (2)
[ENIGE DRIE. AANVAAR ANDER RELEVANTE ANTWOORDE] (3 x 2) (6)

4.6.4 Verbeterde kommunikasie tussen mynbestuurders en mynwerkers (2)
Verbeterde verhoudings tussen mynbestuurders en mynwerkers (2)
Beter werksomstandighede vir werkers, veral hoë risiko werkers (2)
Belegging in die plaaslike gemeenskap, veral in die gebied van opvoeding en sosiale ontwikkeling (2)
Moontlike winsdeling met mynwerkers (2)
Vaardigheidsopleidingsentra sodat mynwerkers meer vaardig is in hulle werksomgewing (2)
Veiligheids regulasies moet nagekom word (2)
Geslagsgelykheid (2)
[ENIGE DRIE. AANVAAR ANDER] (3 x 2) (6)
**[75]**

**TOTAAL: 225**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 13
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS